kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Grense van geloof of geloof sonder grense?

Skriflesing: Genesis 22:1-14 (1953)

[1] NÁ hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en
aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!
[2] Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak,
en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer
op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.
[3] Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy
esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam
met hom geneem; en hy het hout gekloof vir 'n brandoffer
en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom aangewys
het.
[4] Op die derde dag toe slaan Abraham sy oë op en sien die
plek van ver af.
[5] En Abraham sê aan sy dienaars: Bly julle hier met die esel;
ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na
julle terugkom.
[6] En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit
op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand
geneem. So het hulle twee dan saam geloop.
[7] Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My vader!
En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die
vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?
[8] En Abraham antwoord: God sal vir Homself die lam vir 'n
brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam
geloop.
[9] Toe hulle kom op die plek wat God hom aangewys het, het
Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna
het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die
hout gesit.
[10] Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy
seun te slag.
[11] Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel
af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord:
Hier is ek!
[12] En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en
doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en
jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.
[13] En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram
wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En
Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer
in die plek van sy seun geoffer.
[14] En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal
voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die
HERE sal dit voorsien word.

Broodjies vir die pad

Opium en morfien

Vir Eugène Marais (9 Jan. 1871 – 29 Maart 1936)

as jy in die hel leef –
daar is 'n skadu op die son –
doen dit eerder dronk
en sing so die lied van Suid-Afrika

dus die oop *o* van opium
die toegemaakte *m* van morfien

jy is in die veld, die Waterberg,
gesels met Darwin oor bobbejane –
die prototipe van wat menslik is –
maar jy verdwyn

dis die oop *o* van opium
die toegemaakte *m* van morfien

jy luister na 'n ou Boesman belas
met die boerenaam en kry van hom
vier dwaalstories van hulle kom
en gaan

jou oop *o* van opium
die toegemaakte *m* van morfien

was Winternag jou eersteling -
jy noem die wye dun genade -
dan het jy nog 'n dertig verse
klaargemaak
net een gedig per jaar

tot met die aftrek van daardie skoot
op Pelindaba met die skadu op
die son

die oop *o* van opium
die toegemaakte *m* van morfien

http://versindaba.co.za/2014/06/27/lykdig-15-opium-en-morfien

◆◆◆

The seventeenth century priest and poet George Herbert declared "the godly are exempt from the Law" but not from obeying God. This idea that there is religion beyond "religion," a morality that precedes "morality" and obedience that is more relationship than obligation astounds and captures many writers regarded as Postmodern, including Jacques Derrida and John Caputo. But the seminal work is Soren Kierkegaard' meditation on Abraham's readiness to sacrifice his own son, *Fear and Trembling*, first published in 1843. Kierkegaard's passionate obsession with what Abraham was ready to do makes Abraham the "Father of faith," because, "By faith Abraham went out from the land of his fathers and became a sojourner in the land of promise." Abraham "believed for his life," (p. 34), "believed the preposterous." (p. 35) Throughout his life, from the time he left the security of his homeland until this frightening moment, when he is actually prepared to sacrifice his own son, reveals that "the first

movement of faith [is always] infinite resignation." (p.48) What Abraham reveals, which makes him "the Second Father of the human race," (p.31), is that anyone who dares accept God's invitation to relationship encounters the "impossible," dares to stand "in an absolute relation to the absolute...." p.129) "Everyone shall be remembered, but each shall become great in proportion to his expectation." Kierkegaard wrote unforgettably. "One becomes great by expecting the impossible, by expecting the eternal, but he who expected the impossible became the greatest of all." (p.31)

We can draw (at least!) three pertinent points.

First, conventional standards are not biblical expectations. Conventional morality makes sense; obeying God can, as with Abraham, go against everything we hold sacred. As Caputo writes: "the sphere of absolute responsibility is beyond duty, because in doing one's duty, what ought in principle to be done, one is related to a universal principle, not to God." (*Prayer and Tears* of Jacques Derrida, p. 200) Matthew's Jesus at first utters the expected terms of ethical hospitality, but then undoes the whole system of expected ethics by going to the absurd: anyone who gives a glass of water to a child is ready for God's "reward."

Secondly, the location of a dilemma between conventional morality and relationship is at the very center of one's moral, psychological, spiritual, and social identity. It is unique, solitary. And, it shows up in the simplest acts to the most vulnerable.

Thirdly, very unexpectedly, choosing loyalty to relationship over universal "duty" creates a crisis out of which comes a paradox: by being willing to give up life's assurances, one can in fact know life as never before. Derrida writes: "this is the moment when Abraham gives the sign of absolute sacrifice, namely by putting to death or giving death to his own, putting to death his absolute love for what is dearest, his only son; this is the instant of absolute imminence in which Abraham can no longer go back on his decision, nor even suspend it. In this instant, therefore, in the imminence that no longer even separates the decision from the act, God gives him back his son...." (*The Gift of Death*, p. 95)

◆◆◆

Nothing is so destitute as a mind philosophizing about God when it is without him.

St. Diadochos of Photiki (5th century)

You don't develop courage by being happy in your relationships everyday. You develop it by surviving difficult times and challenging adversity.

Epicurus

Brood vir die pad

Ruimer denke, nes geloof, kán jou lewe verryk

Wilhelm Jordaan

Is daar iets soos “oorbeskerming” in kerklike kringe – die neiging om gelowiges, ter wille van dogmatiese suiwerheid, oningelig oor veranderende geloofsopvattings te hou?

Vir veral kinders en jongmense bring dit die skok om mettertyd gekonfronteer te word met vernuwende denke waarvan hulle nog nooit gehoor het nie. Byvoorbeeld: Dat die Bybel ’n versameling mensewoorde is; geïnspireer deur gelowiges se verstaan van God.

Dat bepaalde Christelike godsdiensbegrippe sterk beïnvloed (én verryk) is deur gelykluidende godestories wat oor eeue heen in die antieke wêreld ontwikkel het. Oor dinge soos God se eienskappe en die herkoms van idees oor “seun van god”; die “son van geregtigheid”; “opstanding uit die dood” enso(talryk)voort.

Dat die ooreenkomste tussen godsdienste verdraagsaamheid behoort te bevorder eerder as om hardnekkig vol te hou “my geloof en godsdiens” aanbid die enigste ware God en is die enigste saligmakende waarheid.

Dat dit nogtans lewensverrykend is om jou geloof in God te behou; en om byvoorbeeld Jesus se storiematige “teologie” as rigsnoer vir jou lewe te aanvaar. Om dan, soos Dana Snyman skryf, met oortuiging te sê: “Ek glo aan stories soos ek aan die Here glo.” Juis omdat stories, as lewende mites, soveel rigtinggewende lewenskrag besit.

Is so ’n vierledige kategese in die kerk haalbaar, veral in die Afrikaanse wêreld? Stellig nie op amptelike vlak nie. Die NG Kerk, byvoorbeeld, se standpunt is dat hy “gekies het om die weg van openhartige kritiese debat oor geloofsake te volg”. Niks meer rigtinggewend as dít nie.

Oënskynlik onversoenbare standpunte gedy deesdae en skep vyandige spanning in die kerklike lewe. Dit dra by tot mense se toenemende kerklosheid, kerkloosheid, geloofsverlies én die soeke na geestelike vervulling in buitekerklike kringe.

Gemeentes verskil aansienlik van mekaar. Enersyds is daar dié waar die Bybel se storiekarakter lankal ontgin word en mense inspireer om hul lewens aan God toe te wy sonder om die krag van ander Godsverhale te ontken of minder te maak.

Andersyds is daar gemeentes waar die prediking fundamentalisties tradisiegerig is; waar die Bybel steeds as letterlik waar verstaan word en as die onfeilbare openbaring oor God.

Juis uit dié geledere kom die verdagmaking van gelowiges wat anders glo, asook die amptelike klagtes teen teoloë wanneer hulle ernstig besin oor byvoorbeeld ’n ruimer verstaan van Jesus se opstanding uit die dood.

Oorbeskerming in die kerklike wêreld behoort plek te maak vir verbeeldingryke waagmoed – ter wille van indringende gesprek tussen gelowiges oor meervoudige geloofsvorme.

Om so – langs mekaar en nie teenoor mekaar nie – met verwondering voor die misterie van ’n onsienlike, onpeilbare, altydteenwoordige God te kniel.

http://www.beeld.com/opinie/2014-06-25-ruimer-denke-nes-geloof-kn-jou-lewe-verryk

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877